**Vrydag 6 Julie**

| **Skrifgedeelte: Jesaja 40:9-31; Matteus 5:8; Johannes 11:40** | **Fokusgedeelte: Jesaja 40:25, 28, 29; Heidelbergse Kategismus 35:96** |
|---|---|

# Glo is sien!

Die Here sê duidelik in die tweede gebod dat ons God nooit sigbaar mag probeer af-beeld nie. Niks wat ons ken, lyk soos God nie. Ons kan Hom met niks vergelyk nie, daarom kan ons hom ook nie “dupliseer” soos ’n beeldjie nie. Jesaja gee vier redes waar-om God nie “nagemaak” kan word nie:

- Hy is ewig.
- Hy is die Skepper van die eindes van die aarde.
- Hy word nie moeg of afgemat nie.
- Sy insig is ondeurgrondelik.

Hoe kan enigiemand dink dat hulle hierdie God van die Bybel kan afbeeld? Die Here wys in Jesaja 40 dat dit ’n absurde gedagte is!

Hoekom wil mense God so graag sigbaar voorstel? Want ons wil God soms kan rond-skuif soos ’n skaakstuk. Ek wil God strategies rondskuif in my lewensspel op aarde. Ons dra ook in ons hierdie ingebore leuen: *Sien is glo*. Ek kan net in God glo as ek Hom kan sien, dink ons (dalk bewustelik, maar meestal onbewustelik). Kyk wat leer die Here in sy Woord (Matt. 5:8; Joh. 11:40). Hier vind ons die aangrypende paradoks: *Sien* is nie *glo* nie … *glo is sien*!

Wanneer ons God sigbaar wil afbeeld, getuig dit van klein- en twyfelgeloof. Ek wil God sien voor ek kan glo. Dit is daarom ook verkeerd om God af te beeld in enige vorm, soos films, kinderbybels ensovoorts. Daarmee skep ons vir mense ’n sigbare voorstelling van God wat onmoontlik nagemaak kan word. Ons moet eerder self met *sigbare geloof* lewe, sodat mense deur ons die wonderwerke van God kan *sien – glo is sien*!

*Sing: Psalm 139-1:1, 7, 9*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)*